(5)

A 1.5

# Die Oorlog en die Suid-Afrikaanse Volk

**'n Ope Brief aan Lede van die Nasionale Party.**

---

Met die uitbreek van die oorlog verlede September, het die Kommuniste Party beweer dat dit 'n Imperialistiese oorlog is; 'n oorlog wat vir 'n nuwe distribusie van kolonies, markte en Europese magsewig geveg word.

Ons het verklaar: „Dit is 'n oorlog wat niks anders as armoede, ellende en die dood aan die werkers van enige land kan bring nie. Dit word alleen vir die belange van twee spanne Imperialistiese rowers geveg, — die van Brittanje en die van Duitsland."

### BE-EINDIG DIE IMPERIALISTIESE OORLOG!

Ons het ons op die werkers beroep om geen ondersteuning aan die oorlog te gee nie, maar om vir 'n dadelike vrede te werk, en om die hele stelsel van kapitalisme en Imperialisme omver te gooi, en dus die oorsaak van alle oorloe die nek in te slaan.

**Ons begeer nie 'n oorwinning vir of die Engelse, of die Duitse rowers nie!** Die regerings het die oorlog gemaak. Die volke moet die regerings omverwerp en vrede sluit.

### WAT HET DIE LEIERS VAN DIE NASIONALE PARTY VERKLAAR?

Vir al die jare voor die oorlog, het Hertzog en Malan min of meer openlik hulle simpatie vir Hitler getoon. In die dae toe dit nie die mode was om „anti-Nazi" te wees nie, het ons Party die stryd teen Nazisme, sowel as Britse Imperialisme, in Suid-Afrika gelei, terwyl Hertzog gehandel het as die dienaar van Britse Imperialisme, en Malan besig was om die invloed van Hitler in ons land te versprei.

### ONS HET ONS „PETAINS" IN SUID-AFRIKA!

Party van die leiers van die Nasionale Party is teen die oorlog, nie omdat hulle omgee vir die lot van die werkers en die arme volk van Suid-Afrika nie, maar omdat hulle 'n Duitse oorwinning begeer. Hulle begeer om dieselfde rol in Suid-Afrika te speel wat Pétain en sy pro-fascistiese vriende in Frankryk speel.

### WAT HET IN FRANKRYK GEBEUR?

Die uitermate ryk kapitalistiese klas van Frankryk het hulle landgenote verraai aan Duitse Imperialisme. Die enigste ander keuse vir die Franse volk was 'n Sosialistiesewerkers-regering wat alleen die vryheid en onafhanklikheid vir

Frankryk kon behou het.
Liewer dan om so 'n regering te sien oprig wat sou beteken het dat die Franse regerende klas hulle mag en voorregte sou moes prysgee, het die Franse kapitaliste verkies om hulle land 'n Duitse kolonie te maak. Hulle hoop om vir hulle die betrekking van 'Goewerneurs-generaal' vir Duitsland te verkry. Dit is die voorbeeld wat party van die so-genoemde "leiers" van die Afrikaners wil volg!

## DIE ENIGSTE PAD VOORENTOE.

Julle is teen Imperialisme. Maar teen so 'n groot mag soos Imperialisme, Brits of Duits, het ons die steun van die hele bevolking van Suid-Afrika nodig. Die grootste anti-Imperialistiese mag in ons land is die Naturelle massas. Hulle is die natuurlike bondgenote van die Afrikaners in ons stryd teen buitelandse oorheersing, want hulle het die meeste onder Imperialisme gely.

# Afrikaners!

Duitse Imperialisme is nie beter dan Britse Imperialisme nie. Die enigste pad na die vryheid en onafhanklikheid van ons land is die van stryd teen alle Imperialismes, deur die hele bevolking van Suid-Afrika, afgesien van kleur, ras of taal.
'n Stryd vir die verbeurdverklaring van die goudmyne, banke en groot nywerhede, vir hoer lone en beter kondisies vir alle werkers, nasionale vryheid en demokratiese regte vir nie-blankes.

**Dit is die pad van die Kommuniste Party!**

**WEG MET DIE SMUTS-REGERING, DIE AGENTE VAN BRITSE OORHEERSING IN SUID-AFRIKA!**

**WEG MET DIE LEIERS VAN DIE NASIONALE PARTY, VERAAIERS VAN DIE SUID-AFRIKAANSE VOLK!**

**VIR 'N ONAFHANKLIKE REPUBLIEK VAN WERKERS EN ARM BOERE!**

**EENHEID TUSSEN ALLE WERKERS, AFGESIEN VAN RAS OF KLEUR!**

**VIR VREDE EN VRYHEID!**

Gedruk en uitgegee deur die **Johannesburg Distrik Kommuniste Party,**
2 Adam Arkade, Marketstraat, Johannesburg.